



DIE DRAMATURG EN SY GEMEENSKAP

HERMIEN McCAUL-DOMMISSE

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die  
vereistes vir die Graad  
D.Phil.

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
Universiteit van Pretoria

PRETORIA

November 1972



OPGEDRA AAN MY VADER

Evert Petrus Benjamin Domnisse



## VOORWOORD

Die probleem van die dramaturg se verhouding tot sy gemeenskap en die reaksie van 'n gehoor op die verhooggebeure of op 'n mededeling wat deur middel van 'n toneelstuk aan hulle gemaak is, interesseer my vanaf die dertigerjare toe my loopbaan as beroepsaktrise begin het. In die tyd het ek soms as lid van 'n toneelgeselskap van André Huguenet of Hendrik Hanekom deur die land gereis en toe reeds was dit vir my opvallend dat die verhooggebeure by tye nie 'n ware, betekenisvolle aansluiting by die gehoor gevind het nie. Soms was dit asof die situasies en karakters wat ons op die verhoog voorgestel het, vir die gehoor soos iets uit 'n ander, vreemde wêreld, wat hul nie eintlik geraak het nie, voorgekom het. Waarom, het ek my afgevra, slaag sommige goeie oorsese treffers wat in Afrikaans vertaal of verwerk is, nie, terwyl minder goeie of selfs prulstukke uit eie bodem dikwels groot gehore trek en geld verdien.

Gedurende my eerste besoek aan Europa was die spontane meelewendende en hartlike reaksie van die gehore op die aanbieding van hulle eielandse dramaturgie, 'n opvallende verskynsel. Die agterstand van ons Afrikaanse toneel en die tekort aan inheemse toneelstukke het my toenemend gehinder. Die begeerte om gunstige toestande vir die ontwikkeling en opbloeï van ons toneel te probeer skep, het al groter geword. Gedurende my studentejare het ek reeds, om bloot persoonlike redes, begin pleit vir die subsidiëring van die toneel — nie net ter wille van 'n veiliger bestaan vir die kunstenaars nie, maar ook by wyse van erkenning van die toneelspeler as volwaardige nasionale beroepskunstenaar in die oë van die Staat.

Met die totstandkoming van die Nasionale Toneelorganisasie het ek gedink dat die langgekoesterde ideaal verwesenlik is, maar met die jare het 'n toenemende ontnugtering my oormeester: ten spyte van 'n staats-subsidie wou die Afrikaanse toneel maar nie werklik vlam vat nie en weer eens het ek my toevlug tot boeke, tot gesprekke met toneelkenners en 'n kritiese beskouing van die



oorsese toneelprestaties geneem, in 'n poging om uit te vind wat by ons skort. Ek kon my nie met die gedagte versoen dat ons maar geduldig op die verskyning van begenadigde toneelskrywers moet wag nie. Gunstige omstandighede vir die totstandkoming van 'n sterk eielandse dramaturgie moes na my mening doelbewus geskep word. Maar die aard van die omstandighede was vir my minder duidelik. Uit my studie en waarneming het ek tot die gevolgtrekking gekom dat die toneel lewe en vonkel veral wanneer hy direk uit die eie gemeenskap kom, en tot die eie gemeenskap spreek. Dan maak dit nie saak of dit 'n treurspel of 'n blyspel is nie – die gehoor lewe intens saam met die gebeure op die verhoog. Die toneel, so het ek geredeneer, moet dus in die volkslewe gewortel wees. Die ware, spontane toneelbelewenis of meebeleving hang aldus nie in eerste instansie van die letterkundige gehalte van die toneelstuk af nie, maar wel van die dramaturg se vermoë om die gehoor met bekende situasies uit die eie volkslewe te konfronteer en om aan die hand daarvan die eietydse of universeel menslike gemeenskapsituasie of -probleme te belig. Bewus of onbewus is die dramaturg dus, so het ek gereken, 'n leermeester of 'n wegwysers.

Nadat ek besluit het dat die toneel nie in eerste instansie 'n vermaaklikheidsfunksie het nie, maar eintlik uit noodsaak gebore word, het ek die geskiedenis van die toneel en verwante uitvoerende kunste met nuwe oë beskou. Geleende goedere wat bloot om hul uiterlike skoonheid of voortreflike hoedanighede aan die gemeenskap voorgelê word, was volgens my in ons landsomstandighede nodig, maar minder waardevol as selfs die nederigste poging van 'n dramaturg om iets van waarde en betekenis oor onself te sê.

Vir my man, wat my deur die jare in my loopbaan en my bemoeienisse met die uitvoerende kunste bygestaan het, was dit nie genoeg dat ek my vermeende bevindinge en my standpunt in verband met die vereiste bestaansomstandighede vir die ontwikkeling van ons uitvoerende kunste by wyse van kritiese geskrifte en persoonlike gesprekke stel nie. Hy wou dat ek my vermoedens en my standpunt aan die hand van die toneelgeskiedenis en by wyse van 'n akademies verantwoorde geskrif, grondig moes bestudeer, toets en verdedig. Die gedagte is deur Pierre Lehmann, 'n



lewenslange vriend, gesteun. Ek dank hulle dat hulle my tot die studie gedwing het en vir die aanmoediging en ondersteuning wat ek in die loop van die jare van navorsing van hulle ontvang het. Die studie was 'n verrykende ervaring wat baie nuwe en soms verrassende insigte, 'n dieper kennis en groter begrip vir die wondere van die menslike skeppingsvermoë meebring het.

Sonder die bystand, die wyse en kundige leiding en die groot geduld van my promotor, prof. G. Cronjé, sou hierdie proefskrif nooit 'n werklikheid geword het nie. Hy het dit vir my moontlik gemaak en my gehelp om na 'n afwesigheid van etlike dekades na my alma mater terug te keer en my aan die dissipline van 'n akademiese studie te onderwerp. Hy was vir my nie 'n onbekende nie: ons het reeds 'n lang pad saamgegaan op die weg van die Afrikaanse toneel. Daarom te meer was dit 'n openbaring en 'n vreugde om hom ook as uitmuntende akademikus te leer ken en onder hom te werk.

Aan prof. F.C.L. Bosman, professor honorêr in die Departement Dramatologie, nog 'n bekende uit my beroepsloopbaan, kom my innige dank toe. As onderlegde toneelhistorikus en -kenner asook as taalmans, het hy my met sy advies uit menige slagget gered en my oë laat oopgaan vir toneelgebeure wat vir my minder bekend was.

'n Woord van dank ook aan prof. E.L. de Kock van die Randse Afrikaanse Universiteit wat meegewerk het om die sluier op die Griekse toneel vir my te lig.

Hoewel dit uit die aard van die saak nie moontlik is om name te noem nie, dink ek nietemin met dankbaarheid en erkentlikheid aan die baie kamerade, vriende sowel as kritici, met wie ek gedurende baie jare op die gebied van die uitvoerende kunste saamgewerk het. Die praktiese ervaring op 'n verskeidenheid terreine, die by tye botsende menings wat tot verantwoorde denke gedwing het, die oplossings wat vir netelige teaterprobleme moes gevind word, die ure lange gesprekke met toneelvriende oor ons Afrikaanse toneelprobleme, het almal op direkte of indirekte wyse bygedra tot hierdie proefskrif.

Die proefskrif is ook 'n vorm van boetedoening aan my ouers wat, ten spyte van die beproewinge van die depressie, my studies in daardie vervloë dertigerjare aan die Universiteit van Pretoria



moontlik gemaak het, en wat na afloop daarvan teleurgesteld was dat ek 'n kunstenaarsloopbaan bo 'n akademiese verkies het. Met hierdie proefskrif probeer ek daarvoor vergoed. Dit was vir my 'n besondere genoegdoening dat my vader, reeds in sy negentigerjare, dele van my proefskrif met 'n taalkennersoog gelees het en met helder verstand en vaste hand verbeteringe aangebring het. Weens 'n tekort aan tyd kon hy nie die hele proefskrif deurwerk nie en moet restante styl- en taalfoute my ten laste gelê word.

Tenslotte 'n woord van dank aan die bibliotekaris van die Pretoriase Universiteit en die Randse Afrikaanse Universiteit vir hulp en bystand. Ook aan dr. M.W.D. Jeffreys vir hulp en die gebruik van sy uitgebreide boekery.

Hermien McCaul-Dommisse

Johannesburg  
November 1972



## INHOUDSOPGAWE

### INLEIDING

1. DIE UITGANGSPUNT IN DIE ONDERSOEK .....	1
2. BESTEK VAN DIE ONDERSOEK .....	2
3. DIE METODE VAN ONDERSOEK ... ..	3
4. ALGEMEEN .....	5

### HOOFSTUK EEN DIE VOORGESKIEDENIS

1. DIE MENS SE BEWUSWORDING VAN HOMSELF .....	6
2. ONDERBOU VAN DIE TONEEL .....	8
3. DERVERSKYNSELS VAN DIE TONEEL .....	12
4. DERVORME VAN MEDEDELING .....	15
(a) Spontane vorme .....	15
(b) Geordende vorme .....	17
(c) Die mimiekspel .....	18
5. BEHOUD VAN DIE DERVORME .....	19

### HOOFSTUK TWEE DIE DRAMATURG EN SY GEMEENSKAP IN GRIEKELAND

1. HISTORIESE AGTERGROND .....	20
2. KULTURELE EN SOSIO-EKONOMIESE AGTERGROND .....	27
(a) Mitologiese en Homeriese agtergrond .....	28
(b) Die ditirambe .....	32
(c) Kalokagathia, Arete en Sophrosune .....	35
(d) Die eerste toneelwedstryde in Athene .....	37
(e) Solon: opkoms van die demokratiese denke .....	39
3. AISCHULOS .....	42
(a) Aischulos se dramaturgie .....	44
(i) Die Perse en Sewe Teen Thebe .....	45
(ii) Die Smekeling .....	46
(iii) Prometheus in Bande .....	48
(iv) Die Oresteia .....	49
(v) Samevatting .....	59
4. GEESTELIKE KLIMAAT VAN DIE TWEDE HELFTE VAN DIE VYFDE EEU .....	60
5. SOPHOKLES .....	66
6. EURIPIDES .....	70





HOOFSTUK VYF SPANJE : 'N HONDERDJARIGE GOUE TYDPERK

1. HISTORIESE AGTERGROND .....	165
(a) Staatkundig .....	165
(b) Dramatologiese ontwikkeling .....	169
(i) Die eerste fase .....	169
(ii) Die tweede fase .....	173
(iii) Die derde fase .....	178
2. WEERSPIEELING VAN DIE GEMEENSAP IN DIE DRAMATURGIE .....	183
(a) Die gemeenskap en die staat .....	183
(b) Die gemeenskap en sy historiese verlede .....	187
(c) Die gemeenskap en die 'erekode' .....	193
(d) Die gemeenskap en die Kerk .....	196
3. ONDERGANG VAN DIE SPAANSE TONEEL .....	201

HOOFSTUK SES FRANKRYK. POLITIEK, TONEEL EN LETTERKUNDE

1. HISTORIESE AGTERGROND .....	209
2. SOSIO-KULTURELE AGTERGROND .....	214
(a) Algemene eienskappe .....	214
(b) Beknopte oorsig van die toneelontwikkeling ..	225
3. TRAGEDIE, BLYSPEL EN DIE GEMEENSAP .....	234
(a) Corneille en Racine .....	234
(b) Molière .....	
(i) Persoonlike verhouding tot sy gemeenskap .....	241
(ii) Uitbeelding van sy gemeenskap .....	245
(iii) Toneel aan die hof .....	262
4. TONEELERFENIS VAN DIE FRANSE GOUE EEU .	264

HOOFSTUK SEWE DUITSLAND EN DIE OPKOMS VAN DIE  
    NASIONALE TONEEL

1. SOSIO-HISTORIESE AGTERGROND .....	268
(a) Engeland en Frankryk .....	268
(b) Duitsland .....	271
2. DIE OPKOMS VAN DIE DUITSE TONEEL .....	275
(a) Die onderbou van die Duitse toneel .....	275
(b) Samestelling van die gemeenskap .....	280
(c) Toneel en letterkunde .....	283
(d) Die Duitse klassieke toneel .....	284
(i) Lessing .....	284
(ii) Friedrich Schiller .....	290
(iii) Goethe .....	300



HOOFSTUK AGT

VERBROKKELING EN SINTESE

1. DIE VERNIETIGING VAN DIE ARISTOKRATIESE IDEAAL .....	308
2. DIE TWINTIGSTE EEU GESIEN AS 'N DOORGANGSTYD .....	316
3. SINTESE .....	323
(a) Die regisseur as bindende element .....	323
(b) Die dramaturg .....	325
(c) Die rolprent .....	328
4. DRAMATURG EN GEMEENSKAP IN SUID-AFRIKA .....	330
5. SAMEVATTING .....	333



## INLEIDING

Vry algemeen word aanvaar dat daar in die geskiedenis van die Wes-Europese toneel vyf spitstydperke was, naamlik: in Griekeland gedurende die vyfde eeu v.C.; in Europa gedurende die middel en laat Middeleeue (Kerklike toneel); in Engeland en Spanje aan die einde van die sestiende eeu; in Frankryk aan die einde van die sewentiende eeu en in Duitsland aan die einde van die agtiende eeu. Hierdie proefskrif is 'n ondersoek na die ontstaansomstandighede en die aard van die toneel tydens genoemde tydperke. Die tydperke word gesien as uitvloeisels van groot oorgangsperiodes in die Westerse geskiedenis. Die ondersoek eindig met 'n beskouing van die twintigste eeu as 'n nuwe oorgangstydperk, die gevolge waarvan weer eens in die aard van die toneel nagespeur kan word.

### 1. DIE UITGANGSPUNT IN DIE ONDERSOEK

Vir die doel van die ondersoek word aanvaar dat die drama of toneel in sy diepste wese nie 'n blote vermaaklikheidsvorm is nie, maar 'n uiting van die strewes, verlangens en lewensbeskouing van 'n bepaalde gemeenskap; dat die aard van 'n gemeenskap aldus in die toneel weerspieël word. Die dramaturg word beskou as 'n siener of 'n profeet wat in dramatiese vorm gestalte aan die wese van sy tyd en sy gemeenskap gee met gebruik van die middele wat die toneel tot sy beskikking stel, en sodoende aan sy gemeenskap meedeel. Die toneel sou dus gesien kan word as 'n mededeling van 'n bepaalde lewensbeskouing of die openbaring van die lewensproblematiek deur 'n dramaturg aan sy gehoor of gemeenskap. Dié mededeling geskied deur gebruikmaking van middele wat daarop ingestel is om die gehoor te vermaak, te ontroer, te boei, aan die hart te gryp of om hul op die een of ander wyse by die gebeure te betrek en op die mededeling te laat reageer. Dit veronderstel dat die dramaturg uit die gegewe van sy eie gemeenskap put; dat hy uit sy gemeenskap en tot sy gemeenskap spreek.





Dit word aanvaar dat die mededeling die kragtigste sal spreek tot gemeenskappe wat 'n homogene karakter vertoon en dat die spanning, hetsy in die blyspel of die treurspel, voortvloei uit faktore wat die stabiliteit of die homogeniteit bedreig. In teenstelling hiermee sou die toneel in pluralistiese gemeenskappe of in gemeenskappe wat hulself nie bedreig voel nie, verswak en verbrokkel omdat die onderliggende spanning dan nie meer aanwesig is nie. Volgens hierdie beskouing is byvoorbeeld die tragiese implisiet in die ondergang van die held wat hoop om deur sy morele besluit die bestaande wêreldorde of die homogene karakter van sy gemeenskap te behou. Volgens hierdie opvatting sou dié tragiese nie in 'n pluralistiese gemeenskap kan voorkom nie.

## 2. BESTEK VAN DIE ONDERSOEK

Vanuit 'n praktiese standpunt gesien, sou dit dalk die maklikste wees om 'n studie van die dramaturg se verhouding tot sy gemeenskap, te beperk tot een enkele dramaturg en sy besondere gemeenskap. Dan sal die gevaar egter bestaan dat die gevolgtrekkinge net partikuliere waarde sou hê terwyl dit die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die groot ontwikkelingslyne vanaf die voorgeskiedenis tot die hede. Dit is derhalwe nie bloot 'n studie in diepte nie maar eerder in breë trekke om sodoende herhalende tendense en geldige beginsels te belig. Die veronderstelling is dan ook dat 'n geheeloorsig van die geskiedenis met sy spitstydperke, die redes daarvoor en die teenstellende tye van verval sal belig.

Onderstaande tydperke word in oënskou geneem:

- (a) Die voorgeskiedenis: 'n ondersoek na primitiewe dramatiese uitinge en die bestaan van oersimbole en oertekens wat deur die toneelgeskiedenis as fondamentstene van die lewende toneel bly voortbestaan.
- (b) 'n Studie van die toneel van Griekeland aan die hand van Aischulos, Sophokles, Euripides en Aristophanes se toneelwerke.
- (c) Die Hellenisme gesien as voorspel tot die verval van die Griekse tragedie; die herontwaking van die toneel in die Kerk





tydens die Middeleeue en 'n terugkeer na die wêreldlike toneel buite die Kerk.

(d) Die eerste groot, spesifiek nasionale opbloei van die Christelik-wêreldlike toneel in die tyd van koningin Elizabeth van Engeland, veral met aandag aan Shakespeare. Die sestiende eeu word benader as 'n oorgangstydperk wat vergelykbaar is met die vyfde eeu v.C.

(e) 'n Soortgelyk betekenisvolle opbloei van die toneel in Spanje, met verwysing na die dramaturgie van Lope de Vega, Tirso de Molina en Calderon de la Barca. Die faktore wat in die weg staan van 'n universeel-betekenisvolle dramaturgie word ondersoek.

(f) 'n Studie van die opkoms van die Franse nasionale toneel, met verwysing in die besonder na Molière.

(g) Die ontwikkeling van 'n neo-Klassieke toneelletterkunde en die ontplooiing van nasionale skouburge in Duitsland, met aandag veral aan Lessing, Schiller en Goethe. Ondersoek word ingestel na die verburgerliking van die toneel sedert die vernietiging van die monargistiese absolutisme wat aan die einde van die sewentiende eeu in Engeland 'n aanvang neem. Die verburgerliking van die toneel word ondersoek in verband met die algemene verval van die tragedie en die poëtiese drama.

(h) 'n Oorsig van die uiteindelijke vernietiging van die aristokratiese ideaal en die verval van die toneel gedurende die agtiende en negentiende eeu; waarna die twintigste eeu gesien as 'n derde groot oorgangstydperk en 'n soektog na sintese.

### 3. DIE METODE VAN ONDERSOEK

Die historiese, religieuse en maatskaplike omstandighede en agtergrond van elke tydperk, hierbo genoem, word nagegaan, in sover dit betrekking het op die verhouding van die dramaturg of dramaturge tot die gemeenskap van sy (hul) tyd. Daaropvolgend word enkele toneelstukke in die besonder ontleed ter toeligting van die verband tussen die dramaturg en die gemeenskap van elke tydperk.





Die bespreking van die Suid-Afrikaanse toneelstukke geskied nie vanuit 'n letterkundige standpunt nie. Die doel is nie om die dramaturgie vanuit 'n literêr-beoordelende oogpunt te analiseer of evalueer nie, maar om die aard en gehalte van die dramaturgie as mededeling aan 'n eietydse gemeenskap te belig. Die dramaturg se eie instelling teenoor sy gemeenskap en sy opvatting van sy funksie kom, waar nodig, ter sprake.

Die weerkaatsing van die gemeenskap in die dramaturg se toneelstukke word ondersoek, asook, in sover die gegewens daarvoor bestaan, die reaksie van die gemeenskap op genoemde afspieëling.

Die Suid-Afrikaanse toneel word nie in die besonder behandel nie. Die bevindinge in verband met die geskiedenis van die Westerse toneel is, na verhouding, van toepassing op die Suid-Afrikaanse omstandighede.

Die toestand van ewewig of gebrek aan ewewig in 'n gemeenskap word met die term geestelike of psigiese homeostasis aangedui. Die mediese term homeostasis word as volg in Die Afrikaanse Woordeboek omskryf: onderhouding van 'n toestand van ewewigtigheid of stabiliteit met betrekking tot die inwendige milieu van die organisme waarby allerlei fisiologiese prosesse met mekaar gekoördineer word. Waar bostaande begrip betrekking het op die fisiese of liggaamlike gesteldheid van die mens, word veronderstel dat die maatskaplike milieu ook tekens van onewewigtigheid kan vertoon en siekteverskynsels in die lewe van die gemeenskap te voorskyn kan roep. Geestelike of psigiese homeostasis sou dan dié faktore impliseer wat die gemeenskap in 'n toestand van geestelike ewewig moet bewaar. In die hieropvolgende hoofstukke word die term van tyd tot tyd in verband met die toneel gebruik: die toneel word naamlik gesien as 'n faktor wat meehelp om spanninge in die gemeenskap te verlig óf om spanningspunte te belig en sodoende by te dra tot die behoud van ewewig.





#### 4. ALGEMEEN

Hierdie studie is beperk tot bronnemateriaal en geskrifte wat in Suid-Afrika beskikbaar is. Voorkeur is verleen aan geskrifte wat gedurende die afgelope kwarteeu verskyn het en wat die aandag vestig op historiese en sosiale aspekte van die toneel. Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om alle aspekte van die verhouding van die dramaturg tot sy gemeenskap in die beperkte omvang van hierdie studie deurtastend te ondersoek. Die ontwikkelingsgang word vanaf die vroegste tye tot die hede net ten opsigte van die groot tendense geskets. Latere afbakening in partikuliere tydperke kan moontlik deur ander ondersoekers gemaak word.

